UNISA
UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

*The Office Of The Principal and Vice -Chancellor*

**PROGRAMREDE BY DIE GALADINEE:**

**NAVORSINGTOEKENNINGSPLEGTIGHEID**

**4e VERDIEPING**

**ONTHAALLOKAAL,**

**KGORONG-GEBOU,**

**UNISA**

**MUCKLENEUK-**

**KAMPUS**

**2**
**Maart**
**2018**

- die programleier, dr Meiya Nthoesane
- die kanselier van die Universiteit van Suid-Afrika, Sy Eksellensie

  oudpresident Thabo Mbeki
- die voorsitter van die Unisaraad, mnr Sakhi

  Simelane (in absentia)

- die lede van die Unisaraad wat hier aanwesig is
- die lede van die diplomatieke gemeenskap
- dr Daisy Selematsela, die waarnemende viserektor: Navorsing, Nagraadse studie, Innovering en Kommersialisering, en lede van Unisa se uitvoerende en uitgebreide bestuur en personeel wat hier aanwesig is
- me Janet Remmington, die streeksdirekteur: Afrika- en redaksiedirekteur: die *Global Arts* en *Humanities Journal*, Taylor & Francis
- lede van die sakegemeenskap
- Unisa se studente- en arbeidstruktuur
- ons eregaste vanaand: die ontvangers van ons navorsingstoekennings
- die New Kopano Kwartet wat ons vanaand op musiek trakteer
- geagte gaste, dames en here

'n Hartlike goeienaand aan u almal. Ek het die genoeë om u namens

die Kanselier en die Raad en Bestuur van Unisa van harte welkom te heet by een van die hoogtepunte op ons kalender, Unisa se Jaarlikse Prystoekenningsplegtigheid vir Navorsing en Innovering.

Toe die internet in 1995 wêreldwyd begin posvat het, het Terry Evans opgemerk dat lande die wêreld oor hulle met globalisering in 'n dilemma bevind: enersyds gee dit hulle toegang tot die hele wêreld en andersyds word hulle daardeur ingeneem.[1] Vandag, in 2018, kan niemand ontken dat hoër onderwys wêreldwyd soos nooit tevore aan verandering onderworpe is nie. Sosiaal-ekonomiese en politieke kragte verander die wêreld wat ons ken ingrypend, en die toekoms is duister. Verandering vereis dat ons die vorm en rol van onderwys in oënskou moet neem.

Philip Altbach en Hans de Wit vat dit treffend saam:

> *The global landscape for higher education internationalisation is changing dramatically. What one might call 'the era of higher education internationalisation' over the past 25 years (1990–2015) that has characterised university thinking and action might either be finished or, at least, be on life support. The unlimited growth of internationalisation of all kinds – including massive global student mobility, the expansion of branch campuses, franchised and joint degrees, the use of*

*English as a language for teaching and research worldwide and many other elements – appears to have come to a rather abrupt end, especially in Europe and North America. We have previously argued that Trumpism, Brexit and the rise of nationalist and anti-immigrant politics in*

[1] Evans, T. 1995. Globalisation, post-Fordism and open and distance education. *Distance Education*, 16(2).

*Europe were changing the landscape of global higher education. Subsequent events have strengthened our conviction that we are seeing a fundamental shift in higher education internationalisation that will mean rethinking the entire international project of universities worldwide.*[2]

Dames en here, niemand kan die grondigheid van hierdie bewering betwyfel nie. Vandeesweek het Teresa May, die Britse eersteminister, aangekondig dat tersiêre onderrig in die Verenigde Koninkryk ’n jaar lank in hersiening geneem sal word. In Nieu-Seeland is insgelyks aangekondig dat ’n "grand conversation" oor onderrighervorming gehou sal word. Dit is net die oortjies van die seekoei. In Noord-Amerika en Europa word onderrig reeds geruime tyd druk bespreek. Dwarsdeur die ontwikkelende wêreld gaan ’n vloedgolf van stemme op wat die status quo uitdaag en ’n vorm van hoër onderwys in die vooruitsig stel wat hemelsbreed verskil van dié waaraan ons gewoond is. Dit is opmerklik dat hierdie soort hoër onderwys swaar steun op etiek, maatskaplike geregtigheid en die opvatting dat onderrig ’n openbare (en individuele) bate is.

[2] Altbach, PG & de Wit, H. 2018. The challenge to higher education internationalisation. *University World News*, 23 February. Issue No. 494.

Hoewel hierdie veranderinge aan inligtingstegnologie en in die besonder die internet toegeskryf kan word, het dit gruwelike ongelykhede in die internasionale samelewing blootgelê. Hierdie steeds groeiende, onvolhoubare ongelykhede ondermyn die grondslag van die eeue oue Westerse tradisie van hoër onderwys. Dit is ironies dat globalisering die wêreld ingrypend verklein het, maar ons terselfdertyd dwing om met nuwe oë na die werklikheid te kyk.

Wat hou dit in 2018 vir universiteite in? Watter reperkussies het dit vir navorsing aan universiteite in die besonder?

Volgens Altbach en De Wit is daar goeie nuus:
*The major European mobility and collaboration scheme, Erasmus+, remains firmly in place – and might even receive additional funding. The ASEAN – Association of Southeast Asian Nations – region is moving in similar directions as the European Union in promoting harmonisation of its academic structures, improving quality assurance and increasing regional mobility and collaboration in its higher education sector. 'Internationalisation at home' and comprehensive internationalisation have entered the vocabulary of higher education around the world*.[3]

Vir Unisa is dit inderdaad goeie nuus noudat die Universiteit hom

in ooreenstemming met sy visie van ’n *Afrika-universiteit wat in diens van die mensdom toekomsdrome verwesenlik*, in 'n kritieke ontwikkelingstadium bevind. Van ons word verwag om navorsers te kweek, ons navorsingsuitset te vergroot, en navorsing te doen wat vir ons konteks relevant is ten einde ons maatskaplike ontwikkelingsdoelwitte, en in die besonder Maatskaplike Ontwikkelingsdoelwit 4, te bereik. Daarby word van ons verwag om ooreenkomstig ons strategie en status as 'n internasionaal erkende e-leer- en oop afstandsonderriguniversiteit in samewerking met ander lande navorsing te doen, en dat hierdie navorsing sal bydra tot die kennis buite ons landsgrense om die kontekstuele relevansie van ons navorsers te verbeter.

Ons portefeulje Navorsing, Nagraadse Studie, Innovering en Kommersialisering bied 'n ruimte waarin innoverende denkers floreer en innoverende denke inderdaad beloon word. Ons akademici en gegradueerdes verken onbekende terreine en los praktiese probleme danksy innoverende denke op. Benewens ons akademici en gegradueerdes kry ook ons professionele en administratiewe personeel geleentheid om navorsing te doen sodat feitlik almal aan Unisa met navorsing besig is. Ons pogings om vroue, en in die besonder swart vroue, by navorsing te betrek, werp inderdaad vrugte af.

[3] Altbach & De Wit, ibid.

Ons is verbind tot voortreflikheid en staan ons jong navorsers, opkomende navorsingsleiers en navorsers uit voorheen benadeelde groepe by. Dit moet eenvoudig gedoen word om die struikelblokke in die weg van ons ontwikkelingsgerigte staat uit die weg te ruim en ware, blywende tansformasie te bewerkstellig.

Dames en here, op grond van die lang lys van meer as 70 persone wat vanaand met toekennings vereer word, en hulle uiteenlopende belangstellingsvelde en prestasies, kan ek met vertroue sê dat ons by Unisa heelwat regkry. Ons bereik ons ontwikkelingsdoelwitte, ons is relevant in ons eie konteks, en ons handhaaf betrekkinge met Afrika en die res van die wêreld. Ons kan met reg daarop trots wees.

Maar baie werk lê nog voor. Ondanks die skerp toename in ons navorsingsuitset, maak navorsing in Afrika slegs 2% uit van die navorsing wat wêreldwyd gedoen word. Nagenoeg die helfte van die 2% uit Afrika word suid van die Sahara gedoen. Hierdie lae syfer moet verbeter. Ons moet in ons eie land, in Afrika en oorsee ons stem laat hoor en ons kleim in die intellektuele diskoers en praktyk afpen. Nou is die aangewese tyd daarvoor.

Ons is vanaand hier byeen om ons knapste navorsers vir hulle professionaliteit, toewyding, innovering en vir die groot hoogtes wat hulle bereik het, te vereer. Ek wens hulle graag hartlik geluk met die uitmuntende prestasie. Dit is nie maklik om onderrig te gee en tegelyk navorsing te doen nie. 'n Mens moet dikwels ten koste van jou gesin en lewensmaat groot opofferings maak. Ek wil ook hulle bedank vir hulle volgehoue steun en opoffering.

Ek bedank graag alle ontvangers van toekennings vir u harde werk, professionaliteit en opoffering. Dit is 'n eer om u vanaand vir u inspanning en prestasies te vereer. Weer eens hartlik geluk. Ons is trots op u en saam met u bly.

Dankie.